## IN MEMORIAM

### DR. J. P. DUVENAGE

Die eerste en oorstelpende gedagte by die skokkende berig van die dood van dr. J. P. Duvenage is dat so 'n belowende akademikus in die bloei van sy loopbaan tot halt geroep is, terwyl daar so 'n groot taak vir Universiteit en volk op hom wag. Daar is die getuienis van die hoë gehalte van sy werk aan die Universiteit, soos ook die peil van die proefskrif wat hy net voltooi het bewys: dit sal u in die toekoms as 'n handleiding dien vir die studie van geografiese beplanning.

Die kennisse en vriende van die ontslapene getuig van sy fyn beskaafdheid en sy liefde vir die skone in die kultuur en in die lewe. Sy werk aan die Universiteit was vakwetenskaplik en persoonlikheidshalwe 'n waardevolle bydrae by die vorming van die studente aan hom toevertrou.

Ook die maatskappy het hy gedien met sy baie talente totdat 'n meedoënlose siekte sy kragte verteer het. Selfs toe nog was hy die simpatieke meelewer van wat goed en mooi is.

Ons aanvaar die beskikking van die alwyse God. Ons is dankbaar vir die toegewyde diens wat dr. Duvenage kon lewer en vir sy fyn gekultiveerde lewe. Ons betuig ons innige meegevoel met mev. Duvenage en haar familiekring.

W. N. Coetzee.